# Die Christelike huwelik is die fondament van 'n gesonde samelewing!

**Kol 3:18-4:1** **Maandag 25 Julie 2022**

Die Here praat keer op keer van die gesonde, liefdevolle verhouding wat daar moet wees tussen 'n man en 'n vrou in 'n huwelik.

- 'n Gesonde verhouding verhouding kan alleen daar wees as daar christelike norme en waardes is.
- 'n Gesonde verhouding is waar daar eerstens respek is vir God en vir mekaar.
- 'n Gesonde verhouding is waar man en vrou saam die Here dien en aanbid.
- 'n Gesonde verhouding met God en jou huweliksmaat is deel van 'n positiewe lewe.

**Ons lees in Kol 3:18** "Vrouens, wees aan julle mans **onderdanig** soos dit pas by mense wat in die Here glo."

MAAR ons moet hiermee saam ook **Ef 5:21** lees:
"Wees uit eerbied vir Christus **aan mekaar onderdanig**."

**Ons moet onderdanigheid goed verstaan**. Dit het niks te doen met minderwaardigheid, of minder belangrik nie. Hierdie is in die griekse taal 'n woord wat uit die militêre wêreld kom. Die een is 'n generaal of die ander 'n kaptein of sersant of 'n manskap. Een is nie belangriker as die ander nie, albei is nodig in die groot militêre masjien om te kan funksioneer. Dit help nie die hele weermag het het offisiere nie, daar moet manskappe wees wat die oorlog maak. Elkeen het sy funksie. Die kokke moet kos maak, die administratiewe korps moet toesien dat almal kos, toerusting, klere en wat ookal kry wat nodig is. Daar is soldate ens.

In die huwelik is daar ook 'n orde en God het dit so bepaal. Voor God is die man en vrou ewe belangrik, as sy kinders. **Gal 3:28** "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is jule almal één."

Daarom aan die mans, jou vrou moet die kosbaarste en beste verhouding wees wat God op aarde aan jou gee. Jy moet haar liefhê, versorg, bederf en haar as vrou altyd op jou hande dra.

- **Bid elke dag vir haar!**

As die Paulus hier aan die mans opdrag gee om hulle vrouens lief te hê, gebruik hy die griekse woord "Agapé", wat beteken 'n liefde van opoffering, van diensbaarheid. 'n Huwelik begin gewoonlik met normale romantiese gevoelens vir mekaar. Jy is aangetrokke tot jou vrou om verskeie redes, maar dan moet dit groei en ontwikkel in 'n diep geestelike verhouding, waar Jesus Christus die Hoof en Koning van julle huwelik is, waar julle deur die Heilige Gees mekaar dien en liefhet en versorg en bederf.

'n Gelukkige huwelik gebeur nie vanself nie. Dit is harde werk waar jy jou huweliksmaat eerste moet stel.

Daarom... Bid elke dag vir mekaar!
Soek elke dag die beste vir jou huweliksmaat!
Bederf mekaar!
Dra mekaar elke dag aan die Here op!

*Donderdag praat ons Deo Volente oor Kinder en Ouers se verhouding.*

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***